**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**
**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**FEB / MAR 2006**

**BYBELKUNDE HG**

**TYD: 3 uur**

**PUNTE: 400**

**INSTRUKSIES:**

- Beantwoord VYF vrae.
- Vraag 1 (Afdeling A) is VERPLIGTEND. Al die onderafdelings van hierdie vraag moet beantwoord word.
- Beantwoord verder nog TWEE vrae uit Afdeling B en TWEE vrae uit Afdeling C.
- Die lengte van jou antwoorde moet ooreenstem met die punte wat aan elke vraag toegeken word.

## AFDELING A
**VERPLIGTEND**

### VRAAG 1
### KORT VRAE

Vrae 1.1 tot 1.18 is kortvrae. Skryf die nommer van elke vraag (insluitend die onder-afdelings) in jou **antwoordboek** en die korrekte antwoord daarnaas.

1.1 Meervoudigekeuse-vrae

Vir elkeen van die volgende vrae of stellings, word VIER moontlike antwoorde of verduidelikings gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf dan slegs die toepaslike letter van jou keuse langs die ooreenstemmende vraagnommer in jou **antwoordboek** neer.

1.1.1 Tydens Jesus se geboorte was __________ die Keiser.

A. Augustus
B. Kajafas
C. Domitianus
D. Pontius Pilatus

1.1.2 Die brief van Jakobus is aan “die twaalf stamme wat in die verstrooiing is” gerig. Dit verwys na __________ .

A. alle Christene in verstrooiing
B. die Diaspora
C. die Joodse Christene in die uithoeke van Palestina, digby Sirië
D. Die Joodse Christene in die uithoeke van Babilon, naby Asië

1.1.3 Watter een van die volgende is NIE waar nie?

A. Die Heilige Gees is die trooster.
B. Die Heilige Gees verenig mense met Christus.
C. Die Heilige Gees is ? wind.
D. Die Heilige Gees is ? persoon.

1.1.4 Waarom het Jesus Sy dissipels geleer bid?

A. Hulle het Hom gevra.
B. Hy het gedink dit sal vir hulle goed wees.
C. God het Hom die opdrag gegee.
D. Profete het hulle dissipels geleer bid. 4x2=(8)

1.2 Verduidelik elkeen van die volgende woorde in nie meer as twee sinne elk nie:

1.2.1 Ekklesia
1.2.2 Eskatologie
1.2.3 Parakleet
1.2.4 Sinopties
1.2.5 Sakrament 5x2=(10)

1.3 Gee die name van die persone na wie die volgende verklarings verwys:

1.3.1 Hy was koning en priester in Abraham se tyd.
1.3.2 Hy was die leermeester van Paulus.
1.3.3 Hy is die engel van wie ons in die brief van Judas lees.
1.3.4 Hy het aan Jesus vrae gestel oor die wedergeboorte.
1.3.5 Hy is in Jesus se plek vrygelaat. 5x2=(10)

1.4 Aan wie het Johannes sy drie briewe geskryf? 3x2=(6)

1.5 Noem VIER van die hooftemas van die brief van Jakobus. 4x2= (8)

1.6 Lees die Bybelvers wat hier aangehaal word en beantwoord die daaropvolgende vrae:

"Die geslagsregister van Jesus Christus, die Seun van Dawid, die Seun van Abraham"

1.6.1 Identifiseer die Evangelie waaruit hierdie versgedeelte aangehaal is. (2)

1.6.2 Aan wie is hierdie Evangelie gerig? (2)

1.6.3 Waarom gebruik die evangelieskrywer juis hierdie spesifieke inleiding? (2)

1.7 Noem die TWEE name van die "seuns van die donder". 2x2=(4)

1.8 Wat is die verwantskap tussen die skrywers van die Algemene Briewe van Jakobus en Judas? (2)

1.9 Waarom kan die skrywers van die Bybel nie as die primêre skrywers beskou word nie? (2)

1.10 Wanneer het Jesus openlik verklaar dat Hy die Seun van God is? (2)

1.11 Wie was die eerste bekeerling van die gemeente in Filippi? (2)

1.12 Watter brief van Paulus is eintlik ? getuigskrif vir ? gedroste slaaf? (2)

1.13 Som die Tien Gebooie in een woord op. (2)

1.14 Noem TWEE verkeerde houdings wat in gebede voorkom waarteen Jesus gelowiges waarsku. 2x2=(4)

1.15 Wanneer sal God se heerskappy vervolmaak word? (2)

1.16 Watter bede van die Ons Vader-gebed herinner ons aan die woorde van Jesus die nag voor Sy dood? Gee die bede en die woorde waaraan dit ons herinner. 2x2=(4)

1.17 Gee die vierde bede van die Ons Vader-gebed. (2)

1.18 Skryf die doksologie van die Ons Vader-gebed neer en gee die betekenis van die woord "Amen". 2x2=(4)

**[80]**

**TOTAAL VIR AFDELING A: [80]**

AFDELING B

**INLEIDING TOT DIE NUWE TESTAMENT**

- Beantwoord TWEE vrae uit hierdie afdeling.
- Beantwoord al die onderafdelings van die vrae wat jy kies.

**VRAAG 2**

2.1 Skryf aantekeninge oor die taal en styl van die Evangelie volgens Markus. (20)

2.2 Bespreek die redes waarom Paulus sy brief aan die Gemeente in Filippi geskryf het. (30)

2.3 Die outeur van II Petrus verwys na homself as " ? Apostel" van Christus maar daar is teenargumente teen Petrus se outeurskap van die brief. Bespreek die redes vir die siening dat hy die outeur is, asook die argumente teen hierdie teorie. (30)

**[80]**

**VRAAG 3**

3.1 "Die outeur van die Johannes-evangelie was ? Jood, ? inwoner van Palestina, ? ooggetuie van Jesus se dade op aarde en ? dissipel van Jesus." Bespreek hierdie stelling met voorbeelde. (34)

3.2 Groepeer Paulus se briewe kronologies en gee een hooftema van elke brief in nie meer as twee sinne nie. (32)

3.3 Die meeste kenners stem saam dat die Boek Openbaring in ongeveer die jaar 96 n.C. geskryf is. Watter bewyse ter stawing van hierdie teorie kan daar aangevoer word? (14)

**[80]**

**VRAAG 4**

4.1 Gee bewyse uit die Evangelie volgens Markus dat die outeur ? Jood was wat sy Evangelie aan die Romeine gerig het. (20)

4.2 Bespreek die ooreenkomste en verskille tussen die Vierde Evangelie en die drie briewe van Johannes. (20)

4.3 Paulus se briewe is in dieselfde vorm as ander briewe wat in dieselfde tyd geskryf is. Verduidelik die algemene vorm van Paulus se briewe. (20)

4.4 Die brief aan die Filippense bevat aansienlike inligting oor die omstandighede waarin Paulus homself bevind en die vooruitsigte wat hom in die gesig staar. Noem en bespreek hierdie omstandighede en vooruitsigte. (20)

**[80]**

## VRAAG 5

5.1 Skryf kort aantekeninge oor Paulus se agtergrond en sy bekering. (22)

5.2 Gee redes waarom Paulus moontlik ? nouer vriendskapsband met die Gemeente in Filippi gehad het as met enige ander gemeente. (12)

5.3 Bespreek die outeurskap van die Algemene Brief van Judas. (16)

5.4 Bespreek die onderskeie aspekte van Jesus Christus se soewereiniteit oor Sy Kerk op aarde, soos geopenbaar in Openbaring, hoofstuk 1 tot 3. (30)

**[80]**

**TOTAAL VIR AFDELING B: [160]**

AFDELING C

## DIE BYBELSE GRONDSLAG VIR DIE CHRISTELIKE GELOOF EN LEWE

Beantwoord TWEE vrae uit hierdie afdeling.
Beantwoord al die onderafdelings van die vrae wat jy kies.

## VRAAG 6

6.1 Die eerste woorde in die Bybel is: “In die begin het God die hemel en die aarde geskep...” (Gen. 1:1)
Verduidelik die Christen se geloof in God as Skepper. (26)

6.2 Gee ? volledige bespreking van die naam “Jesus”. (18)

6.3 Daar is fundamentele redes waarom bygelowe nie vir Christene aanvaarbaar is nie. Verduidelik. (20)

6.4 In die brief aan die Galasiërs skryf Paulus oor Christelike vryheid van die boeie van die wet maar hy beklemtoon ook die behoefte om vryheid met verantwoordelikheid te beoefen.

Gegewe Suid-Afrika se omstandighede, hoe sou ? Christen hierdie “nuwe vryheid” met verantwoordelikheid kon geniet? (16)

**[80]**

## VRAAG 7

7.1 Verduidelik die oorsprong en vertroue van ? Christen in die opstanding uit die dood. (16)

7.2 Wat beteken **ewige lewe** vir ? Christen? (14)

7.3 Bespreek die doel van die Tien Gebooie soos aan ons in die Nuwe Testament geopenbaar word. (20)

7.4 Jesus het sy houding teenoor die Sabbat opgesom deur te sê: "Die Sabbatdag is vir die mens gemaak en nie die mens vir die Sabbatdag nie." Verduidelik. (12)

7.5 Die aanhef van die Ons Vader-gebed is:

"Ons Vader wat in die hemel is"

Bespreek hierdie aanhef volledig. (18)

**[80]**

**VRAAG 8**

8.1 Verduidelik God se verhouding met die mens voor die sondeval. (22)

8.2 In die Ou Testament lees ons van verskillende verbonde wat God met Sy volk gemaak het. Verduidelik God se verhouding met die volk van die ou verbond. (30)

8.3 Volgens die derde gebod mag God se naam nie misbruik word nie. Verduidelik wat dit vandag vir die Christen beteken. (14)

8.4 "Die gebed van ? gelowige het ? kragtige uitwerking." (Jakobus 5:16)

Verduidelik hoekom daar aanvaar word dat gebed wat aangebied word in geloof en waarheid effektief en kragtig kan wees. (14)

**[80]**

**VRAAG 9**

9.1 Bespreek, na aanleiding van die volgende Bybelse aanhaling, die feit dat die kern van die Christelike geloof in die Bybel vervat is.

"Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en ? regte lewenswyse te kweek ..." (II Tim. 3:16) (20)

9.2 Skryf aantekeninge oor God as Voorsiener, Onderhouer en Regeerder oor die ganse skepping. (24)

9.3 Verduidelik hoe die Heilige Gees nie net ? krag is nie maar self God is. (22)

9.4 Daar is ? baie sterk mening dat ? mens sensitief moet wees teenoor ander godsdienste in Suid-Afrika. Om gevolglik die naam van Christus te gebruik in openbare gebed het ? sensitiewe saak geword. Verduidelik waarom die Christelike gebed aangebied moet word in die naam van Jesus. (14)

**[80]**

**TOTAAL VIR AFDELING C: [160]**

**TOTAAL: 400**

**EINDE**